

Skriflesing: Esegïel 1:1-15

Teks: **Esegïel 1:1-3**

Sing- SAMESANG- Ps. 80:1,4

TYDENS EREDIENS- Ps. 118:12; Ps. 97:1,6; Ps. 18:1,3; Ps. 146:2,4

Om die boek Esegïel te verstaan, broeder en suster, is in baie opsigte nie 'n maklike boek nie, maar wat ek graag in 'n reeks wil hanteer, is dit nodig om die eerste drie verse eintlik as inleiding op hierdie hele profesie te beskou. Ons het hier 'n staatkundige inleiding, wat baie mense dalk ook sal beskou as 'n politieke inleiding, maar laat ons tog nie die fout maak om te dink, die staatkunde, die politiek en die kerk kan heeltemal van mekaar los staan en losgemaak word. Dit is nie moontlik nie....

As daar in die tyd van Esegïel staatkundig sprake is van oorloë en gerugte van oorloë, daar is politieke wêreldmoondhede wat mekaar aanvat, Egipte en Assirië, dan is daar die klein landjies tussen-in, lande soos Moab, Edom, Ammon, Fenicië wat in troebel waters hulle eie vis probeer vang, dan het dit alles met politiek te make, maar die kerk is ook in hierdie wêreld. Wanneer die politiek die wêreld skud dan word die kerk nie maar gelos nie, intendeel, in hoevele van die profesieë besef en beleef ons dat krisistye bevat baie keer vir die kerk krisisswoorde.

Wanneer die profeet Habakuk oopgemaak word, dan vra hy as profeet vir die Here, in ons terme die dominee vra- *Hoe lank, o Here...* Dit is vir Habakuk krisisswoorde in krisistye soos wat ons in Esegïel ook dikwels sal aantref. Ja, 'n krisis is iets wat mens tref sonder dat jy altyd mooi weet wat gaan aan. 'n Krisis is nie maar net wanneer dit swaar gaan en daar moeilike omstandighede heers, soos met 'n droogte, of 'n sprinkaanplaag of dies meer nie, maar 'n krisis, die Griekse woord κρίνω krino {kree'-no} beteken eintlik dit is nou reg of weg. 'n Krisis het in die Grieks te make met 'n beslissing of 'n oordeel, iets van 'n finaliteit wat onderskeiding verg, daar moet so onderskei word dat daar geskei kan word.

'n Krisis is die punt van 'n proses of ontwikkeling waar die beslissing nou gaan val en waar die uitslag eintlik klaar aan die weegskaal hang. So sal die Grieke vir jou 'n krisis beskryf wanneer iemand so siek is dat die sieke nou eintlik 'n beslissende stadium bereik het dat dit nou vir die sieke dié lewe óf die dood beteken. Daar is nie 'n ander uitkoms nie. By 'n krisis is daar altyd 'n beslissing maar dan ook op so 'n wyse dat dit omvattend en ingrypend is.

As Jesus in Joh. 9:39 sê dat Hy tot 'n oordeel in hierdie wêreld gekom het, dan gee Jesus 'n spesifieke karakter aan sy koms, 'n krisis karakter want die woord wat ons hier vertaal dat Hy tot 'n oordeel gekom het, gee alklaar die klanke van krisis, want sê Jesus in die Grieks- Hy het tot 'n κρίμα kríma {kree'-mah} gekom. Christus is bestem tot 'n val en 'n opstanding, die evangelie van die kruis is óf 'n struikelblok en dwaasheid OF dit is dié krag en dié wysheid van God. Elke keer aarsel Jesus nie, God se Woord aarsel nie, dat in die werk van Christus die krisiskarakter van juis Jesus se werk ons moet aangryp. Sy werk dring die individu, maar

ook die volk, ja die gang van die hele geskiedenis word deur Christus tot 'n beslissing, ons kan dan dit ook vertaal tot 'n krisis gedring. So word die einde voorberei, want voordat ons Esegïël se krisisse begin nader trek besef ons die laaste dag op hierdie aarde, dit word ook in die Bybel genoem die krisisdag, waar ons dit in Afrikaans maar vertaal as oordeelsdag, maar in die Grieks staan daar **ἐν ἡμέρᾳ κρίσεως** (Matt.10:15).

Dit is ook nie vêr gevat om af te lei dat in ons eie land het ons staatkundig 'n baie moeilike tydvak in ons geskiedenis ingegaan. Is dit reeds krisis-tyd? Baie oordeel reeds so daaroor! Daar gebeur dinge in ons land en in die wêreld wat nie van mekaar losgemaak kan word nie. Ons land het vanaf 1994 geweldige veranderinge begin ondergaan en die politieke magte is in ons tyd so aan die werk dat ons eintlik uiters haglike toestande dag na dag aan blootgestel is. Die misdaad, die moorde, hetsy polities, hetsy ekonomies, dit bly moord, wat op plase, dorpe en stede dwarsoor die land, maar veral in Transvaal daar geen keer aan is nie. Daar word geoordeel dat daar al oor die 3300 mense op plase vermoor is. Die vermoorde Smit-dogter wie se hande deur haar moordenaars hier in Pretoria afgekap is, die gekapte moord op mnr. Eugene Terre'Blanche is die mees onlangse wat mense oor die krisis van ons land en ons volk hard aan die praat het. Die sokker droom van hierdie land is weer die ander uiterste van die oordeel wat juis nie nou die karakter van 'n krisis-oordeel kan bekostig nie. Dit maak egter nie saak wat mense se oordeel is nie, Esegïël wys vir ons as 'n krisis reeds 'n krisis is, ongeag hoe mense daaroor oordeel, dit is tog eintlik net die Here se oordeel wat waarlik tel!

Maar die mens is die oorsaak van sy eie krisis want laat ons inleidend op Esegïël sy krisisswoorde in sy krisistyd nie mis nie. Die kerk was by Esegïël erg verdeeld en boonop het die kerk onder invloed van die wêreld politieke toestand totaal ontaard. In 597 v.C. het Nebukadnesar Jerusalem ingeneem, dit onder die regering van Jojagin. Nebukadnesar het toe die room van die land weggevoer, die jongmanne wat akademies kon belofte toon, die strydbare manne, die grondbesitters, die manne met bou- en tegnologie kennis, selfs die hoogste stand uit die priesters nl. die Sadokiete, wat dan vir Esegïël ingesluit het, hulle almal is toe gehuisves by die Kebarrivier/kanaal in Babilonië.

Esegïël die seun van Busi, uit die priesterstand sou die geskiedenis van bloed en tranes intens beleef, dit word alles 'n krisis, want geliefdes let nou mooi op wat gebeur. Die hemel is toe. Watter geweldige krisis as die hemel vir 'n mens toegaan. By Esegïël word daar spesiaal gemeld dat die hemele vir hom as die uitsondering geopen is (v.1). Die Woord van God het tot hom uitdruklik gekom. Waarom was die hemele potdig, waarom was dit toe. Ons besef dit is omdat die reformasie van Josia, hy wat van 640-609 geleef het, nie meer deurleef is nie. Josia was werklik kind van God wat hom nie deur die politiek en wêreldse invloede en allerhande wêreldse verleidinge weg van God laat neem het nie. Tragies sy drie seuns en sy onmiddellike familie het glad nie die ywer van die reformasie soos hulle vader kon voortsit nie.

Sy drie seuns Joahas, Jojakim en Jojagin, snel het die koningskap tussen hulle gewissel want net so snel het die verval toegeneem. Hulle het geen oog en liefde vir hulle pa se reformasie werk gehad nie. Eerste het Joahas die jongere op onwettige wyse die troon bestyg, maar drie maande later is hy deur Farao Nego na Egipte weggevoer. Sy ouer broer Jojakim word toe koning, 'n naam wat Farao hom gegee het, waar hy eintlik Eljakim is, maar hy was eintlik maar net koning in naam. In werklikheid was hy maar Farao se skoot-hondjie, 'n vasal-koning wat moes spring as Farao so sê! By hierdie Eljakim/Jojakim tref ons baie gou een van die groot krisisse in die profesie van Esegïël aan.

Wanneer iemand nie meer weet wat is reformasie nie, maar heeltyd eintlik met reorganisasie besig is. In plaas van om te hervorm wil hulle eerder herontwerp. Jojakim is bouer van skitterende geboue, hy maak ekonomies indruk deur swaar belastings op die volk te lê, maar wat doen hy nog. Hy begin alles te wil reorganiseer, die volk word op 'n kruispad geplaas, dit wat Jeremia in Jer. 6 ook tref. Daar sal by die kruispaaie gestaan moet word, daar sal gekyk moet word, daar sal gevra en bepaal moet word, wat is die beste pad, wat is die werklike reformasiepad en nie reorganisasiepad nie. Jojakim herontwerp en reorganiseer die land dat van Josia se hervorming doelbewus wegbeweeg word. Die heidense altare word weer op die hoogtes opgerig, die afgodediens kry weer lewe, daar word teruggeval, ten spyte van Josia hulle pa se werk tot die sonde van steel, egbreek, vals sweer, om vir Baäl te offer, agter vreemde gode aan te loop.

Die wêreldpolitiek kan vinnig verander, want terwyl Jojakim nog Farao-Nego se skoot-hond was, word die Egiptiese koning deur Nabopolassar of dan nou die meer bekende Nebukadnesar in 605vC verslaan, maar Jojakim word dan meer weer net hierdie Nebukadnesar se vasal-koning. Hy begin onderduims skelm te onderhandel met Egipte, terwyl Nebukadnesar Jojakim se skroewe aandraai oor agterstallige belastings. Nebukadnesar het intussen die Arameërs, die Ammoniete en Moabiete aangehits om Palestina te plunder en kort voor lank word Jerusalem ten volle oorgeneem. Jojakim word gedood en hy word begrawe soos 'n donkie, want dit het die Here se profete ook aangekondig.

Nebukadnesar stel nou wel nog uit die Josia-familie weer 'n koning aan, nl. Sedekia of ook vroeër genoem Mattanja, dit was 'n oom van Jojagin, maar hoe swak was hy nie! Dit was gou duidelik dat hierdie swakkeling geen moed van sy eie oortuiging gehad om werklik weer soos die Josia van ouds te reformeer nie. Juis toe hy regeer toe gebeur Esegïël 1, die hemele wat intussen eerder geslote geraak het, oor alles wat hieronder aangaan, Esegïël word aan die Kebar tot profeet geroep. Die hemele gaan vir hom oop, terwyl vir die volk die hemele geslote is. Die ergste is die volk besef dit nie, hulle wil dit nie besef nie. Hulle is eintlik vermetel in hulle onnoselheid veral die wat in Israel agtergebly het nadat Nebukadnesar die room van die land in ballingskap weggevoer het.

Die feit dat hulle agterbly laat hulle glo die Here het sy slegte vye weggevat, hulle is nou die goeie vye. Die Here se straf word nou deur hulle as seën vertolk. Sedekia is vooraan om eintlik heeltemal die volk te mislei. Hy verstaan nie die tragiese erns van sy tyd nie, hy het geen krisis-begrip nie, want vertolk hy die oordeel as die Here se seëninge. Tragies hoe 'n mens so dom kan wees, wat na allerhande strooihalmpies gryp net om die erns van die krisis te probeer toemaak, om op jou vyand se kamtige goedgesindheid jou hoop te bou.

As Nebukadnesar kamtig die volk konsidererend mislei rondom die tempel, dat met die eerste beleëring die tempel nie geskaad sal word nie, dan gryp Israel die strooihalmpie dat die Here sal nooit dat die tempel val nie. Hulle is veilig solank die tempel staan en roep hulle ook uit- *Die Here se tempel, die Here se tempel is dit...* Fanaties word hulle tempelbegrip, hulle kerkbegrip misplaas, so asof met die regte organisasie en organisatoriese samewerking, God eintlik verplig sal wees om saam te werk, want sy tempel staan darem nog. Dit word 'n ou strooihalmpie waarvan alles begin afhang.

Daardie verdwaaldheid en dwaasheid soos destyds met die verbondsark in 1 Sam 4 gebeur weer dat as ons die ark net gaan haal, dan het ons God gaan haal. As ons net nog die tempel het, dan het ons God. God laat Hom egter nie manipuleer nie, nog minder sal God die sonde van verontpersoonliking toelaat waar dit eintlik maar 'n godsdiens sonder God word. Hoe springlewendig is hierdie verontpersoonliking van God in ons tyd ook weer. Steve Hofmeyer wat God nie sien as Persoon nie, maar God is vir hom 'n werkwoord soos hy dit stel. Dit is maar dieselfde ou storie, die ark moet maar net by ons wees, solank die tempel maar net nog hier is, ek moet net God se huis bybring, dan het ek God bygehaal. So asof God maar verontpersoonlik mag word!

So naïef is Sedekia as hy vir Juda op die been probeer hou. Allerhande strooihalmpies word gegryp, want besef hulle nie die werklike oopmaak van die hemel, die swaartepunt van ware godsdiens gaan nie meer by die tempel plaasvind nie. Die swaartepunt skuif daar na waar God sy hemele oopmaak, waar God sy hand op sy kind lê, wat baie vêr weg gebeur, by Esegïël in die ballingskap aan die Kebarrivier-kant terwyl hy nie naby die tempel is nie. Intendeel hy is daarvandaan weggevat, maar Sedekia dink, soos Jojakim as ek maar net kan reorganiseer, heertyd moet ons net kan planne maak, kan herontwerp, dan sal ons dit maak. Terwyl dit eintlik die gemors net erger maak as mense dink om daardeur die gemors opgeklaar te kry. Om te herontwerp het niks met hervorming te dien. Reorganisasie is nie noodwendig reformasie nie, dit het eintlik teenwerkende krag, dit bevat deformasie-kragte!

Sedekia dink om so te organiseer dat ander staatsmagte kan mos help, om hom teen Nebukadnesar te help. Eers kom hy met Egipte en Fenisië ooreen, dan weer probeer hy met die hulp van Ammon en Moab die Babelse juk af te gooi, maar die werklike oorsaak van die ellende word nie besef nie. Die mens wil hom uit die ellende probeer organiseer en nie daaruit reformeer nie. Ons sien dit by ons ook dag ná dag. Wat mens egter by Esegïël opval, hulle is wel weggevoer, maar die belangstelling, die hart van Esegïël lê nog by wat in

Israel aangaan, al die dinge wat Sedekia aanvang, dit mis nie Esegïel se oog nie, al is hyself nie meer in Israel nie. Hy is egter die man wat onder die oop hemel eintlik baie meer kan sien, as enigiemand dit ooit kon dink!

Esegïel sou op baie maniere die stryd eintlik as banneling voortsit, hy wat oënskynlik in die slegter posisie verkeer, maar hy profeteer teen hulle in Israel wat meen hulle posisie is nie só sleg nie. Hulle besef nie hulle posisie is eintlik nog slegter as die wat hulle dink dit mee sleg gaan. Dit is die ironie van rekonstruksiepolitiek, dit slaag daarin om mense oogklappe op te sit. Mense bou hulle hoop op Sedekia se baie planne, maar self is daar geen besef van die ellende wat ons nog gaan tref nie, omdat die hemele toegegaan het. Van die reorganisasieplanne van Sedekia teen Babel word daar nou alles verwag, terwyl die hemel eintlik vir Sedekia gesluit was. Hy wat Josia en die hervorming en die werklike rykdom van God se planne nie wil sien, sy volle aandag en vertrouwe is op sy reorganisasiepolitiek/rekonstruksiepolitiek.

So word die koninkryk van God nie gevind nie, broeder en suster, want so kan daar nie na die koninkryk gesoek word nie. Soek éers die koninkryk van God, soek eers God se reg, ja God se geregtigheid en al hierdie ander dinge sal vir jou bygevoeg word. As 'n kerk sy hoop op reorganisasie vestig, heelyd moet ons net herontwerp, allerhande aanpassings word gemaak want so glo ons so sal ons bly bestaan, vir so 'n kerk is die hemele afgesluit. Vir 'n kerk vir wie dit eintlik nie meer saak maak om God uit sy hemele te hoor nie, solank maar net die tempel staan, so 'n kerk sal nie meer die noodsaak van reformasie besef nie. 'n Kerk wat net in reorganisasie glo, net soos die politieke wêreld daaromheen, kan dit nog 'n kerk genoem word?!

Daar op die vyfde van die vierde maand, dit was reeds die vyfde jaar nadat Jojagin weggevoer was, kan u die geweldige besef, die impak van 'n toe hemel vir so lank, op daardie dag gaan die hemel oop. Iets wat die kerk lyk nie meer gemis het nie! Hoe tragies, as die volk van God heelyd eintlik maar met hulle rug op God leef, hulle raak gewoon aan die hemele is vêr weg, dis potdig. Dit wat Jakob in Genesis beleef het, 'n oop hemel, 'n leer uit die hemele, engele wat daar op-en afgaan, dit spreek van 'n naby hemel, 'n intieme kontak...dit word vir Jakob Bet-El as hy sê, die hemele is so naby, dit is hier niks anders as die huis van God waar my kop op die klip kussing was nie. Vir Jakob was die hemele geopen, vir hom is die hemel naby. In Israel raak die hemel nou toe, want hoe verbaas was Esegïel self, terwyl hy eintlik vêr van Israel af is, dat die Here Homself nou eerder in hierdie vreemde heidense land, in die land van hierdie vyande van ons, 'n land besoedel van kwaad en afgode, dat die Here verkies om Homself nou eerder hier te openbaar en nie in Israel nie.

Esegïel word die binneste Raadkamer van God gewys, in die hemelse omvou, waar God aan hom in besonder sal bekend maak, dit wat God van die wêreld se politiek dink. Esegïel sal hoor wat dink God van Sedekia wat dinge wil herontwerp en nie wil hervorm nie. Wat dink God van 'n wêreld wat sy Josia gehad het, deur wie God die uitstekendste geleentheid tot

reformasie gegee het, maar wat hierdie reformasie skandelik ingeruil het vir wêreldse godloënende reorganisasie. Soos Jeremia dit gesê het, so was dit... *hulle het My die fontein van lewende water het hulle verlaat en vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie.* (Jer. 2:13).

In ons tyd was Jesus op aarde, hierdie aarde het Jesus gehad, soos Israel Josia gehad het. Watter geleentheid het God ook vir die hele wêreld deur Jesus gegee. Jesus wat nog 'n baie groter gawe was, as wat Josia kon wees, maar soos met Josia nog erger met Jesus wat het die wêreld gedink, wat het die wêreld gemaak met die Jesus van God. Alles so gereorganiseer dat Hy gekruisig moet word, so vêr, so verskriklik afgryslik kan die mens se reorganisasiepolitiek hom dryf dat God se Seun, die grootste geskenk nog ooit deur ons doodgemaak is. Die koninkryk van God word nog altyd ingeruil, vir wêreldse godloënende herontwerpte idees rondom menseregte en dies meer, terwyl dit eintlik direk reformasie teëgaan. Die ergste is daar sit baie kamtig gereformeerde mense daaragter, wat wil roem op die kamtige reformasie, soos Israel op sy Josia en sy tempel wil roem, maar die ware betekenis, die volle inhoud is daar nie meer nie. So 'n tipe gereformeerdeheid kan verskriklik wees, want dit kan juis jou struikelblok wees, hierdie kamtig hervormheid kan in jou jou pad wees dat jy nie meer werklik deur God aangespreek voel as dit die Here is wat jou tot bekering roep nie! In die tyd van ontworteling raak mense afgestomp vir die prediking. Esegïël het dit intens beleef as ons later dieper die boek mag ingaan.

Volgende keer mag ons kom by die nog groter heerlikheidsverskyning. Die Here se troonwa wat deur geheimenisvolle wesens gedra word. God se alomteenwoordigheid, God se onbegryplikheid, maar ook God se volle beheer is aan die beweeg. Die God wat sy hand op 'n mens neersit. Ons teksverse in Esegïël het sy belewenis bevat- *die hand van die Here was daar op hom.* Dit is eintlik die Heilige Gees wat oor 'n mens kom as God se hand op jou kom. Uit die oop hemel steek God sy hand na Esegïël uit.

As God jou vat dan gebeur daar groot dinge. Dit mag ons hopelik by kom. So erg, met Esegïël gebeur daar dinge wat mense hom as mal wou laat verklaar. Laat ons dit nie vooruitloop nie. Swaar was die hand van God op Esegïël dat Esegïël nie langer wou toelaat om mense se gehoor te streel nie. Die Woord moet onvervals gepreek word, moet nie verwag die hemele moet by die aarde aanpas nie, die aarde moet by die hemele kan aanpas. Preke wat maar die tydsgees dien, Esegïël het daarvan genoeg gehad toe dit God se hand wat swaar op hom gekom het en vir hom die hemele geopen het en die hemelkoers gewys het. Mag ons ook weer daarby kom, om werklik weer 'n hemelkoers onder 'n oop hemel te verkry.

AMEN